

220/92

Saak nr 592/91 &

Saak nr 690/91

E du Plooy

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

WILLIAM MHLANGO

Eerste Appellant

SONNYBOY MOLOI

Tweede Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

Coram: HEFER, F H GROSSKOPF ARR et HOWIE WN AR

Verhoordatum:

Leweringsdatum:

19 November 1992

27 November 1992

---

U I T S P R A A KF H GROSSKOPF AR:

Gedurende die aand van Dinsdag 6 Februarie 1990 het die twee appellante en 'n derde persoon, slegs bekend as Junior ("Junior"), die oorledene buite sy huis in Bryanston, Johannesburg ingewag met die oogmerk om hom te beroof. Die oorledene was 'n 52-jarige bouer wat op daardie stadium alleen in die huis gewoon het. Hy het ongeveer 9 uur die betrokke Dinsdagaand in sy motor by die huis opgedaag. Daar is hy deur een of meer van die gemelde drie persone in 'n binnehof by die voordeur van die huis aangerand en neergevel.

Die verdere gebeure blyk hoofsaaklik uit die getuienis van mnr Everett Thladi, 'n werknemer in diens van die oorledene wat ook op die perseel gewoon het. Die verhoorhof het hom as 'n geloofwaardige en betroubare getuie bestempel. Hoewel beide appellante erken het dat

hulle die betrokke aand op die toneel van die misdaad was, het elkeen homself probeer verontskuldig en kan daar nie veel peil getrek word op hulle getuienis nie.

Dit blyk uit Thladi se getuienis dat appellant 1 en nog een van die driemanskap hom by sy kamer kom haal het met die opmerking "kom sien hoe jou baas beseer is". Daar was geen sprake daarvan dat die oorledene toe reeds gedood was nie. Volgens Thladi is hy na die binnehof geneem waar hy van agter deur 'n onbekende persoon met 'n stuk yster of sogenaamde ysterstaaf oor die kop geslaan is. Hy het ook gepraat van 'n tweede hou wat iemand hom met 'n kiere of besemstok oor die kop toegedien het. Thladi het geval en sy bewussyn verloor. Dit blyk uit sy getuienis dat dit nie appellant 1 was wat hom so geslaan het nie. Appellant 1 het trouens kort daarna, en toe Thladi weer bykom, gekeer toe een van die ander twee rowers voorgestel het dat hulle vir Thladi moet doodmaak. Thladi het in die binnehof gesien hoe Junior die oorledene op die grond vasdruk. Dit blyk dat die

oorledene op 'n stadium probeer opstaan het, maar volgens Thladi het Junior hom toe twee maal met 'n stuk yster geslaan. Dit was ook Junior wat die oorledene se hande en voete met 'n stuk draad vasgebind het. Hoewel Thladi ook vir appellant 2 met die ysterstaaf gesien het, is dit duidelik uit Thladi se getuienis dat dit nie appellant 2 was wat die oorledene met die yster geslaan het nie.

Thladi het verder in die loop van sy getuienis uitdruklik ontken dat appellant 1 ooit die ysterstaaf in sy teenwoordigheid hanteer het, of dat appellant 1 vir hom of die oorledene met enige voorwerp geslaan het. Appellant 1 het wel op 'n stadium 'n vuurwapen op Thladi gerig en hom gewaarsku om stil te bly en nie te probeer weghardloop nie. Dit blyk dat daardie vuurwapen die oorledene se .22 rewolwer was wat appellant 1 reeds by 'n vorige geleentheid onder onbekende omstandighede in die hande gekry het. Appellant 1 het egter nie weer daardie aand in Thladi se teenwoordigheid van die vuurwapen gebruik gemaak nie, en in die besonder het hy

nie vir die oorledene daarmee gedreig of op hom geskiet nie.

Nadat beide die oorledene en Thladi met die ysterstaaf aangerand was, het appellant 1 vir Thladi gevra waar die oorledene sy geld bêre. Daarna is Thladi saam met appellant 1 die huis binne. Appellant 1 het kort tevore 'n bos sleutels, waaronder die voordeursleutel en die motorsleutels, by die oorledene geneem en die voordeur oopgesluit. Thladi het toe gesien hoe appellant 2 en Junior die oorledene in die huis intrek en in die studeerkamer op die vloer los. Volgens Thladi se getuienis het die oorledene toe "nie meer beweeg nie". Die polisie het die oorledene later daardie selfde nag op die vloer van die studeerkamer dood aangetref. Sy hande en voete was nog met die draad vasgemaak en daar was 'n sakdoek om sy mond gebind.

Thladi se getuienis is dat appellant 1 oral in die huis na geld gesoek het. Toe hulle nie geld kon kry nie, het appellant 1, appellant 2 en Junior verskeie

artikels, waaronder 'n televisiestel, horlosies, skilderye en ander ornamente, uit die huis geneem. Appellant 1 het Thladi gelas om hulle te help om hierdie goed na buite te dra waar dit in die oorledene se motor gepak is. Daarna het appellant 1, appellant 2 en Junior met die oorledene se motor weggery. Appellant 1 was die bestuurder van die motor. Die polisie het die sleutels van die oorledene se motor en die oorledene se rewolwer in appellant 1 se besit gevind toe hy vroeg die Donderdagoggend in hegtenis geneem is. Appellant 2 is kort daarna gearresteer terwyl sekere van die oorledene se gesteelde goed in sy kamer gevind is. Appellant 1 het die polisie ook na 'n buitekamer geneem wat na bewering deur Junior bewoon was. Die polisie het ook daar sekere van die oorledene se gesteelde goed gevind, maar Junior kon glad nie opgespoor word nie.

Die assistent-distriksgeneesheer wat die lykskouing op die liggaam van die oorledene uitgevoer het, het bevind dat die oorsaak van dood hoofbeserings

met twee skedelfraktur en breinbloeding was. Hy het die mening uitgespreek dat beide skedelfraktur deur een hou oor die kop veroorsaak kon gewees het. Verdere beserings aan die liggaam van die oorledene het weliswaar daarop gedui dat die oorledene meerdere houe met 'n stomp voorwerp toegedien is. Daardie houe sou volgens hom egter nie opsigselfstaande die oorledene se dood kon veroorsaak het nie.

Appellant 1 het 'n verhouding gehad met ene Martha Roatsomeng, wat tot kort voor die gebeure op Dinsdag 6 Februarie 1990 as huishulp vir die oorledene gewerk het. Sy was beskuldigde 3 by die verhoor. Sy het saam met appellant 1 en appellant 2 voor Sutej R en twee assessore in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling tereggestaan op aanklagte van onder andere moord en roof. Sy is egter onskuldig bevind deur die hof a quo en ontslaan op al die aanklagte waarop sy tereggestaan het. Die twee appellante, daarenteen, is beide skuldig bevind aan moord, waarvoor elkeen die doodvonniss opgelê is.

Daarbenewens is hulle albei skuldig bevind aan roof en aan aanranding met die opset om ernstig te beseer, welke aanranding op Thladi gepleeg was. Die appellante is elk tot 12 jaar gevangenisstraf op die roofklagte en tot 12 maande gevangenisstraf op die aanrandingklagte gevonniss. Die hof a quo het gelas dat die 12 maande gevangenisstraf saamloop met die 12 jaar gevangenisstraf. Appellant 1 is ook skuldig bevind aan die wederregtelike besit van 'n vuurwapen en ammunisie, en tot 'n verdere 18 maande gevangenisstraf op daardie klagtes gevonniss. Die twee appellante appelleer slegs teen die doodvonniss wat hulle elkeen opgelê is.

Appellant 1 was ongeveer 36 jaar oud toe hy die onderhawige misdade gepleeg het. Hy het vorige veroordelings vir veediefstal in 1979 waarvoor 'n boete destyds opgelê is. Hy is ook voorheen skuldig bevind aan oortredings onder die Wet op Ontplofbare Stowwe, 26 van 1956, waarvoor hy, naas 'n geringe boete, ook 'n termyn van 18 maande gevangenisstraf opgelê is. Appellant 1 het



in die loop van sy getuienis beweer dat hy nie sterk drank drink nie.

Appellant 2 was ongeveer 31 jaar oud toe hy die onderhawige misdade gepleeg het. Hy het twee vorige veroordelings vir saakbeskadiging. Daardie oortredings is vermoedelik by een geleentheid in 1983 gepleeg, en hy is slegs 'n geringe boete opgelê wat in die geheel opgeskort was. Ten tyde van die pleging van die onderhawige misdade het appellant 2 'n vaste werk gehad, en het hy ook drank oor naweke verkoop. Appellant 2 het egter getuig dat hyself geen drank op die betrokke Dinsdag gedrink het nie. Daar is trouens geen aanduiding dat enigeen van die twee appellante enigsins onder die invloed van drank was toe die misdade daardie Dinsdagaand gepleeg is nie.

Die omstandighede waaronder die oorledene, wat volgens alle aanduidings ongewapen was, in die loop van 'n beplande rooftog by sy eie huis ingewag is en daar vermoor is, kan sekerlik as strafverswarende faktore teen

beide die appellante in aanmerking geneem word. Aan die ander kant is daar egter ook strafversagtende faktore wat in die appellante se guns in ag geneem moet word. So is daar geen aanduiding dat die doodslag van die oorledene vooraf beplan was nie. Die pistool wat appellant 1 by hom gehad het, is geensins in die aanval op die oorledene gebruik nie. Die stuk yster of ysterstaaf wat wel gebruik is, is deur geen getuie behoorlik beskryf nie, en dit is ook nie op die toneel van die moord gevind nie. Mens weet dus nie of dit sonder meer as 'n dodelike wapen beskou kan word nie. Daar is ook geen getuienis dat enigeen van die drie booswigte die stuk yster na die perseel saamgebring het nie. Dit kon goed moontlik daar op die werf opgetel gewees het. Die oorledene was destyds besig om by sy woonhuis aan te bou, en dit is nie onwaarskynlik dat daar stukke yster sou rondgelê het nie.

Dit blyk uit Thladi se getuienis dat die oorledene nog gelewe het toe Thladi hom die eerste maal in die binnehof gesien het. Volgens Thladi se

waarnemings het die oorledene nog probeer opstaan. Die oorledene se dood is waarskynlik veroorsaak deur een of beide van die houe wat Junior hom daarna toegedien het. Die staat het na my oordeel nie bewys dat Junior die direkte opset gehad het om die oorledene te dood nie. Ons weet nie of hy byvoorbeeld die oorledene wou dwing om te sê waar die geld is, of hom net tydelik buite aksie wou stel nie, en of die yster wat hy gebruik het noodwendig 'n dodelike wapen was nie. Dit blyk wel dat die hou of houe volgens die mediese getuïenis redelik hard moes gewees het. Die hof a quo het dan ook bevind dat daar slegs dolus eventualis was. Wat die twee appellante betref, is daar nog minder sprake van enige direkte opset om die oorledene te dood. Dit blyk duidelik uit Thladi se getuïenis dat nóg appellant 1 nóg appellant 2 enige aanranding op die oorledene gepleeg het. Hulle skuldigbevinding aan moord berus dus op hulle gemeenskaplike oogmerk om te roof, hulle deelname aan die beplande rooftog en hulle opset by moontlikheidsbewussyn

wat die dood van die oorledene betref. Gesien die bewese feite in die onderhawige saak is ek van oordeel dat daar redelike twyfel bestaan of die twee appellante ooit die dood van die oorledene as 'n sterk moontlikheid voorsien het. Dit is trouens goed moontlik dat die graad van voorsienbaarheid redelik gering was. Die twee appellante moet myns insiens die voordeel van hierdie twyfel kry.

In hierdie verband kan daar verwys word na die beslissing van hierdie hof in S v Ngobeni en 'n Ander 1992 (1) SASV 628(A) op 632 d-e:

"Die afwesigheid van direkte opset is wel 'n faktor wat aandag geniet by die vraag of die doodvonnis in 'n bepaalde geval die enigste gepaste vonnis is. Die gewig wat daaraan verleen moet word in 'n geval soos die onderhawige hang uiteraard af van die moontlikheidsgraad van doodveroorsaking wat die mededeelnemer voorsien het (S v Xanti, ongerapporteerde Appèlhof uitspraak gelewer op 5 Maart 1992). Weens die gebrek aan getuienis kan daar nie bo redelike twyfel bevind word nie dat die appellant wat die oorledene nie fisies gedood het nie hom die dood van die oorledene as 'n sterk moontlikheid voorgestel het."

(Vgl ook S v Ntuli 1991(1) SASV 137(A) op 144 a-d.)

Die gesindheid van appellant 1 blyk verder uit die feit dat hoewel hy 'n gelaaide vuurwapen by hom gehad het, hy dit nie gebruik het nie. Appellant 1 was weliswaar die voorbok, maar hy was ook die een wat verhoed het dat Thladi verder aangerand word. Appellant 2 het op sy beurt duidelik in sy bekentenis genoem dat hy homself reeds tydens die beplanningstadium sterk teen die doodslag van die beoogde slagoffer uitgespreek het.

Ten slotte kan gemeld word dat rehabilitasie van die twee appellante sekerlik nie uitgesluit kan word nie, gesien die geringe aard van hulle vorige veroordelings.

Hoewel roof met gepaardgaande moord in 'n ernstige lig beskou word, is ek nogtans van oordeel dat die doodvonnis vir die voorgaande redes nie die enigste gepaste straf vir die twee appellante op die moordklagte is nie. In die lig van al die omstandighede is ek van mening dat 20 jaar gevangenisstraf 'n gepaste vonnis vir elkeen van die appellante vir die moord is. Die verdere

termyne van gevangenisstraf wat die appellante op die ander klagtes opgelê is, behoort samelopend met die 20 jaar uitgedien te word.

Die appèl slaag gevolglik. Die doodvonnisse wat oor elkeen van die twee appellante uitgespreek is, word tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van 20 jaar gevangenisstraf vir elk van die twee appellante. Die termyn van gevangenisstraf wat die hof a quo vir elkeen van die appellante op die ander klagtes opgelê het, sal saamloop met die termyn van 20 jaar gevangenisstraf.

---

F H GROSSKOPF AR

HEFER AR

HOWIE Wn AR Stem saam